



## I AM THE VOICE

**Stellenbosse Universiteitskoor onder leiding van André van der Merwe**

**Trad. Zoeloe-gebed**: *Indodana* (verwerk: R. Schmitt en M. Barrat; aangepas: André van der Merwe); **R. Clausen**: *Prayer*; **P. van der Westhuizen**: *U Lig en U Waarheid*; **L. Gyöngyösi**: *Dixit in Corde Suo*; **G. Knauf**: *Gloria*; **F. Grier**: *The Lord Goes Up with Shouts of Joy*; **F. Martin**: *Agnus Dei*; **Irish Folk Tune**: *I Would be True* (verwerk: J. Rutter); **R. Temmingh**: *Nisi Dominus*; **R. Garcia-Martin**: *Crucem Tuam*; **G. Jackson**: *I am the Voice of the Wind*; **E.W. Barnum**: *Across the Fields*; **Trad. Spiritual**: *Go Tell it on the Mountain* (verwerk: J. Shank); **Trad. Spiritual**: *Ride on, King Jesus* (verwerk: S. Gibbs); **Trad. Spiritual**: *Daniel, Servant of the Lord* (verwerk: S. Gibbs); **M. Jackson**: *Man in the Mirror* (verwerk: A Nepomuceno; aangepas: A. van der Merwe); **Trad. Xhosa**: *Umahlalela* (verwerk: M. Khumalo / aangepas: André van der Merwe); **Trad. Tswanna Wedding Song**: *Kwela Kwela* (verwerk: H. Swanepoel; aangepas: André van der Merwe).

Geen reeksnommer (CD 65:38)
Engelse kommentaar ingesluit
Opname: Endlersaal, Universiteit van Stellenbosch (tydens konsertoptredes in 2013 en 2014)

Gedurende September 2015 het 'n besondere gebeurtenis in Port Elizabeth plaasgevind, naamlik die KUESTA-koorfees vir universiteitskore. Vier van Suid-Afrika se topkore, o.a. die Stellenbosse Universiteitskoor en die Camerata van die Universiteit van Pretoria, het by hierdie geleentheid opgetree. Dit was 'n fees vir koorliefhebbers in die besonder en musiekliefhebbers in die algemeen. Die twee genoemde kore het gedurende 2014 elkeen 'n CD vrygestel waarop 'n wye verskeidenheid koormusiek opgeneem is. Afgesien van musiek uit die internasionale musiekwêreld, is dit besonder verblydend dat albei kore ook musiek ingesluit het van Suid-Afrikaanse komponiste (Van der Westhuizen, Temmingh, Hofmeyr en die nuweling Zander Fick), asook tradisionele Suid-Afrikaanse musiek wat keurig verwerk en op voortreflike wyse uitgevoer word.

Die Stellenbossers open hulle program met die aangrypende *Indodana* (Zoeloe) met die woorde "The Son of our Lord God was Crucified. We cry, oh Father Jehova!". Dan volg daar 'n reeks liedere, hoofsaaklik 20ste eeus, wat verskillende emosies van 'n Christen-gelowige aanspreek, bv. *Prayer*, 'n toonsetting van 'n gebed deur Moeder Teresa van Kulkatta (René Clausen), *Gloria*, 'n musikale lofuiting met harmoniese subtiliteite en komplekse ritmes (Greg Knauf), *Nisi Dominus* (Temmingh se treffende toonsetting van Psalm 127) en *Crucem Tuam*, 'n opstandingslied (Rubé Garcia-Martin). Op 'n ligter trant neem drie *spirituals* naamlik *Go Tell it on the Mountain*, *Ride on, King Jesus* en *Daniel, Servant of the Lord* die luisteraar na die musiek- en geloofsbelewing van die Afro-Amerikaners. Twee verwerkings van Stacey Gibbs, wat wye bekendheid verwerf het vir sy besondere verwerkings van hierdie tipe musiek, is ingesluit. Hierdie prag-cd word